



SOJA-RESTE GOEIE SKAAPKOS MITS...

Sojaboonreste kan baie goeie skaapkos wees as jy 'n plan maak met 'n paar slaggate, sê mnr. Hendrik van Pletzen, tegniese bestuurder van die voermaatskappy Voermol.

Hy het op 'n boeredag van die Noord-Vrystaatse SA Vleismerino-klub in Kroonstad gesê sojabone word al duisende jare as kos vir mens en dier benut.

Suid-Afrikaanse aanplantings van dié gewas het die afgelope ses jaar van 165 000 ha

tot 620 000 ha toegeneem. Dié oesreste kan nuttige veevoer wees mits voorsiening gemaak word vir oorvreet, skuim-opblaas en vrektes weens nitraatvergiftiging, veral as baie oliesade op die land agtergebly het.

Binne-in 'n rou sojapit is 'n tripsien-inhibeerder, wat veroorsaak dat die onverwerkte pit se aminosure swak verteerbaar is. Daarom word sojabone verwerk deur dit te bak en onder druk te plaas om die voedingspotensiaal daarvan te ontsluit.

Met die regte strategie kan 'n boer egter ook die rou pitte as veevoer benut. Dit is veral geskik as prikkelvoeding vir ooe wat in

LINKS: Sojareste kan nuttige skaapkos wees, veral as prikkelvoeding vir volwasse ooe.

FOTO: HENDRIK VAN PLETZEN

die herfs gedek word om in die lente te lam.

Van Pletzen sê hy het uitstekende resultate met sojareste as prikkelvoeding vir volwasse ooe gekry. Sowat 180 g sojabone per ooi per dag het die lampersentasie met sowat 14 verhoog.

Lammerooie met speenlammers kom egter nie regtig tot hul volle potensiaal op sojareste nie. Die ooe het dan dikwels dik bies en die lammers groei swak. Dié probleme kan wel met 'n geskikte lek-aanvulling, soos Molovite (reg.no. V7266, Wet 36 van 1947), opgelos word. Dit verlaag ook die risiko van proteïen-opblaas.

In proewe by Volksrust het dié aanvulling op sojareste lammergroeï met 38% verbeter, en die treksterkte van wol met 29%.

Van Pletzen benadruk dat ureum nooit met rou soja gemeng moet word of op sojalande as aanvulling gebruik moet word nie. Die urease-ensiem in die sojaboon kan ureum baie vinnig tot ammoniak afbreek, wat tot vergiftiging ly. – MARLEEN SMITH